Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 86
Desember 2018

Psalm 23:1 "Die Here is ons herder, ons kom niks kort nie."

Baie dankie aan almal wat tot my suster, Lindie en Johannes se Bybelverspreidingsprojek bygedra het. Deon Blackburn van die Paarl was die wenner van die loodglaskruis en skinkbord. Die totale bedrag van R32 500 is ingesamel. Ons het 4 Audio-Bybels aangekoop vir persone in aftree-oorde wat nie meer in staat is om hul Bybel te lees as gevolg van swak sig nie. R10 000 is aan die Bybelgenootskap van SA vir die vertaling van die Bybel in !Xun ('n Santaal) geskenk. Die res word aan ds Chris Bester toegeken vir die verspreiding van Bybels na goeddenke.

Dankie ook aan al die Versorgers wat hierdie jaar getrou elke week op hul pos was om vir Johannes te help, te stimuleer, aan te moedig, te leer en sommer net vir hom lief te wees. Sonder julle hulp en bystand sal ons nie hierdie taak alleen kon aanpak nie. **Ps 91:11: "Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan."**

Johannes het 'n heerlike 17e-verjaarsdagpartytjie saam met sy vriende gehad. Eers is almal gemeet om te kyk of hulle gedurende die jaar langer geword het. Daarna het die "siendes" tafeltennis gespeel. 2 spanne het in die koelte begin om Boulle te speel. Johannes het 'n gids wat hom begelei en om te vertel waarheen hy die bal moet gooi. Een uit die ander span word geblinddoek en het ook 'n gids. Later het 4 spanne teen mekaar gegooi. Johannes was telkens die wenner.

Hein het 'n rolstoelhindernisbaan rondom die huis uitgelê en glo my – dis nie so maklik om geblinddoek in daardie rolstoel te sit nie. 'n Mens voel onveilig en bangerig – veral so om die swembad. Daar is op die ingewing van die oomblik sommer ook 'n rolstoelresies in die pad gehou. Die groot lekkerte was toe ons vir Johannes op Suzaan se motorfiets tel, en sy stadig maar seker 'n entjie met hom ry. Willem aan die een kant en GW aan die ander kant – net om te keer. Dankie aan Stephanie (verlede jaar se student) wat die heerlike sjokolade-verjaarsdagkoek gebak het.

Dankie aan almal wat ons hierdie jaar ondersteun het: met liefde, geduld, wattsapps, e-posse, belangstelling... Ons waardeer dit ontsettend baie. Mag die Kersgety vol vrede en baie vreugde wees. Mag julle heerlike rus en elke dag God se groot genade ondervind. Ons prys die Here vir 'n geseënde jaar.

Anelé en al die ander Smitte

Foto's Vorderingsverslag 86

Uné was een van Johannes se gidse by die Boullé

GW is Chris se gids

Chris, Tara, Uné en Johannes - rolstoelhindernis

GW moet die donkie se stert aansit

Johannes en Suzaan op die motorfiets

Hein en Johannes doen die gelukkige trekking vir die fondsinsameling